Bibliotheek



LL

Saak No. 310/1982

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

Insake die appèl van:

DIE MUNISIPALITEIT VAN ASHTON — Appellant

teen

ROSSOUW BROERS — Respondent

CORAM: RABIE, HR, JANSEN, VAN HEERDEN, HEFER, ARR et SMALBERGER, WAR

VERHOORDATUM: 30 AUGUSTUS 1984

LEWERINGSDATUM: 13 SEPTEMBER 1984

---

UITSPRAAK

---

/VAN HEERDEN, AR ...

VAN HEERDEN, AR:

Hierdie appèl is gerig teen 'n uitspraak van Vivier, R, in die Kaapse Provinsiale Afdeling waarvolgens die appellant se vordering teen die respondent ('n vennootskap van twee ROSSOUW broers) met koste afgewys is, en laasgenoemde se teenvordering met koste toegestaan is.

Vanweë 'n ooreenkoms wat die partye tydens 'n samespreking ingevolge Hofreël 37 bereik het, kan die inhoud van die pleitstukke in 'n vereenvoudigde vorm weergegee word. Ooreenkomstig 'n boukontrak wat die partye in 1976 aangegaan het, moes die respondent 11 huise vir werknemers van 'n sekere maatskappy bou en

/moes ...

moes die appellant 'n totale bedrag van R53 185 aan die respondent betaal. Laasgenoemde het op 1 Maart 1977 'n aanvang met die bouwerk gemaak maar dit vyf maande later voor voltooiing van die projek gestaak. Die appellant het beweer dat die respondent onregmatiglik versuim het om sy verpligtinge na te kom en dat die appellant toe ingevolge die bepalings van die boukontrak die werk laat voltooi het teen betaling van R15 820,37. Voorts is beweer dat die appellant in totaal R48 875 aan die respondent betaal het en is derhalwe betaling van die som van R11 510,37 (R48 875 + R15 820,37 - R53 185) gevorder.

In die verweerskrif, gelees met die teeneis, is

ontken dat die bedrag van R48 875 aan die respondent betaal is, en is beweer dat die totale betalings slegs R17 500 beloop het. Voorts is aangevoer dat die respondent geregtig was om die bouwerk te staak omdat op daardie stadium die som van R37 229,50 ingevolge die bepalings van die boukontrak betaalbaar was en 'n balans van R19 729,50 onbetaald gebly het. In die teeneis is dan ook betaling van laasgenoemde bedrag gevorder.

Die reedsgenoemde ooreenkoms lui soos volg:

"1. Dat die wesenlike geskilspunt tussen die partye is of die bedrag van R31 375,00, dit wil sê die verskil tussen R48 875,00 (wat deur Eiser beweer word aan Verweerder betaal is) en R17 500,00 (as betaling deur Verweerder erken) deur Eiser aan Verweerder

betaal is.

2. Indien die Hof bevind dat die bedrag van R48 875,00 deur Eiser aan Verweerder betaal is, sal die Hof uitspraak ten gunste van Eiser gee in die bedrag van R11 510,70 tesame met die toepaslike rente daarop.

3. Indien die Hof bevind dat die bedrag van R17 500,00 deur Eiser aan Verweerder betaal is, sal die Hof vonnis gee ten gunste van Verweerder in die bedrag van R19 865,00, tesame met rente."

By die verhoor was dit gemene saak dat die appellant in 1977 agt tjeks ten gunste van die respondent getrek het. Die respondent het erken dat twee van die tjeks, een gedateer 26 April 1977 vir R13 500 en 'n ander gedateer 3 Junie 1977 vir R4 000, reëlmatige betalings ingevolge die boukontrak was, maar ontken

dat die ander ses tjeks deur die respondent aangevra of ontvang is. Hierdie ses tjeks is volgens die getuienis deur òf Kotze, die destydse stadsklerk van die appellant, òf sy broer by die munisipale kantore in ontvangs geneem.

Kotze was ook die besturende direkteur van Ashton Vrugteondernemings (Edms) Bpk (waarna ek as AVO verwys) wat 'n vrugte- en garagebesigheid bedryf het. Kotze se broer was 'n werknemer van die maatskappy. Dit was ook gemene saak dat AVO en die respondent in die eerste helfte van 1976 'n mondelinge ooreenkoms aangegaan het. Daarvolgens sou boumateriaal benodig vir boukontrakte gesluit in naam van Rossouw

/Broers ...

Broers, as bouer, deur AVO aangekoop word, alle betalings in die bankrekening van AVO gestort word, en die administratiewe werk en boekhouding verbonde aan die bouery deur AVO behartig word. Dit was die appellant se saak dat die ooreenkoms inderdaad 'n vennootskapsooreenkoms was tussen die twee Rossouw broers en AVO, dat die boukontrak met die appellant deur hierdie vennootskap as bouer aangegaan is, en dat die ses tjeks deur Kotze namens die vennootskap aangevra en ontvang is. Kotze het dan ook getuig dat ingevolge die ooreenkoms die wins en verlies gelykop tussen die drie vennote verdeel sou word. Volgens Koos Rossouw (hierna Rossouw genoem) was daar egter nooit sprake van

/'n ...

'n vennootskap of van 'n verdeling van wins of verlies nie. Inteendeel is slegs ooreengekom dat AVO as vergoeding vir die fasiliteite wat dit beskikbaar sou stel en die dienste wat dit sou lewer 5% van alle kontrakspryse sou ontvang.

Aanvanklik is betalings vir bouwerk asook ander bedrae wat AVO toegekom het in een rekening betaal. Op 1 Maart 1977 is 'n aparte rekening (AVO no 2 rekening) geopen waarin slegs sodanige betalings gestort is. Al agt bogenoemde tjeks is dan ook in hierdie rekening betaal. Slegs die twee tjeks gedateer 26 April en 3 Junie 1977 is voor inbetaling op die rugkant deur Rossouw geteken.

/In ...

In Julie 1977 is AVO gelikwideer. Voor likwidasie is van tyd tot tyd bedrae van die maatskappy se no 2 rekening na die no 1 rekening oorgeplaas. Die omgekeerde het ook gebeur. Volgens Kotze het oorplasings geskied wanneer die een of die ander rekening fondse benodig het. Die getuienis dui daarop dat by ontstentenis aan oorplasings die no 2 rekening ten tyde van likwidasie 'n substansiële kredietbalans sou getoon het.

Op 12 Junie 1977 is Kotze deur die appellant uit sy diens geskors. Min of meer terselfdertyd is die ooreenkoms tussen die respondent en AVO beëindig.

Rossouw het getuig dat, anders as wat Kotze

/beweer ...

beweer het, hy nie bewus was dat die ses tjeks in geskil aangevra of in die genoemde no 2 rekening betaal is nie alvorens hy en Kotze se broer omstreeks begin Junie 1977 saam na AVO sè boeke gekyk het. Dié tjeks was gedateer 29 Maart, 7 April, 15 April, 29 April, 12 Mei en 27 Mei 1977 en elke tjek is op die datum van uitreiking soos voornoemd inbetaal. Toe die laaste van die agt tjeks op 3 Junie 1977 deur Rossouw ontvang is, was die totale bedrag van die uitgereikte tjeks R48 875, wat veel meer was as die bedrag waarop, volgens Rossouw, die respondent op daardie stadium ingevolge die bepalings van die boukontrak geregtig was. Rossouw het ook getuig dat ten opsigte

van alle ander boukontrakte waarop die ooreenkoms tussen AVO en die respondent van toepassing was slegs hy betalings aangevra en ontvang het. Na ontvangs het hy die betrokke tjeks aan Kotze se broer oorhandig vir inbetaling in AVO no 2 rekening, soos hy ook gedoen het met die twee tjeks van die appellant wat op die rugkant deur hom geteken is.

Nadat Rossouw bewus geword het van die uitreiking van die ander ses tjeks deur die appellant het hy, aldus sy getuienis, met Kotze daaroor gaan praat. Laasgenoemde het egter 'n bombastiese houding ingeneem en wou nie die aangeleentheid bespreek nie. Nadat die ooreenkoms tussen AVO en die respondent beëindig

/is ...

is, het Rossouw 'n prokureur geraadpleeg en op 22 Junie en 6 September 1977 het die prokureur skrywes aan die appellant gerig. Rossouw het self op 12 Julie 1977 aan die appellant geskryf. In die briewe van 12 Julie en 6 September is pertinent ontken dat Kotze magtiging gehad het om betalings namens die respondent aan te vra of te ontvang en in laasgenoemde skrywe is voorts gemeld dat die respondent nie met die bouwerk sou voortgaan nie alvorens die verskil tussen dié gedeelte van die kontraksprys wat toe betaalbaar was en die som van R17 500 wat wel betaal is, ontvang is.

Die verhoorhof het die weergawe van Rossouw,

ten dele gestaaf deur ander getuies, aanvaar en die teenstrydige getuienis van Kotze verwerp. In besonder is bevind dat daar nooit 'n vennootskapsooreenkoms tussen AVO en die respondent bestaan het nie, dat Kotze uit eie beweging en sonder die kennis van Rossouw (of sy broer) die ses tjeks in geskil aangevra en in AVO no 2 rekening betaal of laat betaal het, en dat Kotze nie volmag van die respondent gehad het om sulks te doen nie. Die onvermydelike afleiding uit hierdie bevindings is dat Kotze die tjeks primêr vir die voordeel van AVO aangevra het sodat fondse uit die no 2 na die no 1 rekening oorgeplaas kon word.

Bogenoemde bevindings is nie op appèl aangeveg

nie. In eerste instansie is egter betoog dat Rossouw namens die respondent Kotze se optrede geratifiseer het. Hierdie argument is ook by die verhoor geopper en deur die hof a quo op twee gronde verwerp, nl 1) dat Kotze nie namens die respondent nie, maar wel in eie belang, opgetree het en dat sy ongemagtigde optrede dus nie geratifiseer kon word nie, en 2) dat Rossouw in elk geval nooit die bedoeling gehad het om dié optrede te ratifiseer nie.

Ratifikasie as grondslag vir die toerekening van die ses betalings in geskil aan die respondent is nie in die pleitstukke geopper nie. In die besonderhede van die appellant se vordering is slegs

/beweer ...

beweer dat die totale bedrag van R48 875 aan die respondent betaal is. Gevra wie namens die respondent opgetree het by die ontvangs van elke betaling, is in die appellant se nadere besonderhede geantwoord dat die appellant nie weet "wie die tjeks namens die Verweerder [d.i. die respondent] ontvang het nie." In die respondent se versoek om nadere besonderhede vir verhoordoeleindes is die appellant toe gevra om, indien betaling nie aan 'n gemagtigde verteenwoordiger van die respondent geskied het nie, te meld op welke grond beweer is dat betaling wel aan die respondent geskied het. Die antwoord was:

"Die gevraagde besonderhede is tans nie

tot Eiser se beskikking nie. Dit blyk nie uit Eiser se lêers nie. Die amptenaar van Eiser wat destyds die skema administreer het en oor die gevraagde besonderhede beskik is nie meer in Eiser se diens nie en Eiser was nog nie in staat om die inligting van hom te bekom nie. Die besonderhede sal aan Verweerder beskikbaar gestel word sodra Eiser dit bekom."

Geen sodanige besonderhede is ooit "beskikbaar" gestel nie.

Die las om ratifikasie te bewys, rus op die party wat daarop steun: Reid and Others v Warner 1907 TS 961, 971. Vanselfsprekend moet sodanige party in sy toepaslike pleitstuk ratifikasie deur die ander party beweer, net soos ŉ party wat op verteenwoordiging steun vir die gebondenheid van ŉ prinsipaal

/daardie ...

daardie grondslag van aanspreeklikheid moet pleit (vgl Erasmus v Venter 1953 (3) SA 828 (O) 834). In casu het die respondent se advokaat hom beroep op die appellant se versuim om ratifikasie as grondslag vir toerekening van die ses betalings aan die respondent in sy pleitstukke te opper. Die vraag of die respondent Kotze se handelinge geratifiseer het, kan dus ter sprake kom slegs indien "the point was fully canvassed in evidence" in die sin "that the Court was expected to pronounce upon it as an issue": South British Insurance Company Ltd v Unicorn Shipping Lines Ltd 1976 (1) SA 708 (A) 714, en Director of Hospital Services v. Mistry 1979 (1) SA 626 (A) 636.

/En ...

En na my mening is die kwessie van ratifikasie hoegenaamd nie ten volle by die verhoor deurgrond nie.

In eerste instansie het die respondent nie getuienis gelei wat bewustelik daarop gerig was om 'n bewering of selfs suggestie van bekragtiging van Kotze se ongemagtigde handelinge te weerlê nie. Tweedens is nooit aan Rossouw gestel nie dat hy inderdaad bedoelde handelinge goedgekeur of genoeë daarmee geneem het. Derdens is die versuim van die respondent se prokureur om reeds in sy skrywe van 22 Junie 1977 Kotze se optrede te repudieer, en waarop die appellant se advokaat in sy betoogshoofde sterk gesteun het, nie by die verhoor uitgepluis nie.

Ek meen dus nie dat die appellant op die aangevraagde ratifikasie kan steun nie. Ek mag egter meld dat die skamele getuienis wat wel met dié aspek in verband gebring kan word nie dui op 'n bedoeling aan die kant van Rossouw om Kotze se meermaal genoemde ongemagtigde optrede te bekragtig nie.

Die appellant se advokaat het voorts op die feit dat die ses tjeks gekruis was en op die bepalings van art. 79 van die Wisselwet (Wet 34 van 1969) gesteun ter fundering van 'n betoog dat betaling van die ses tjeks in AVO se no 2 rekening regtens betaling aan die respondent gekonstitueer het. Nie net is hierdie punte nie gepleit nie en ook nie tydens die verhoor

/geopper ...

geopper nie, maar daar is nie bewustelik enige getuienis met betrekking daartoe gelei nie. Derhalwe kan die appellant nie nou daarop steun nie. In die lig van die getuienis wat wel gelei is, kom dit in elk geval nie voor dat daar enige pit in die betoog steek nie.

Die appèl word met koste afgewys.

H.J.O. VAN HEERDEN, AR

RABIE, HR
JANSEN, AR
HEFER, AR
SMALBERGER, WAR

STEM SAAM